

Seepmaak Tegnieke.

Seepmaak tegnieke vir die wat kan en die wat graag wil

Seep vorm wanneer 'n alkaliese stof, gewoonlik seepsoda, met 'n plant- of diervet gemeng word.

Die seepsoda word eers met vloeistof gemeng om 'n bytende vloeistof of loog te vorm.

Hierna word, dit by die verhitte olies gevoeg en 'n chemiese reaksie, wat verseping genoem word, vind plaas. Die seepmengsel word geroer en dit verdik as dit die traseerstadium bereik.

Basiese bestanddele:

Die meeste seep word met die bestanddele gemaak maar die hoeveelhede word afgewissel om byvoorbeeld meer skuim of 'n harder of growwer seep te gee.

- Seepsoda - die alkaliese bestanddeel in seep. Dit is by die meeste hardewarewinkels beskikbaar.
- Vet of olie - 'n verskeidenheid natuurlike olies kan gebruik word om seep te maak en elk een sal 'n ander resultaat lewer. Voorbeelde is byewas, kakaoboter, klapperolie, heuning en sonneblomolie.
- Vloeistof - een van die belangrikste bestanddele van seep. Gebruik skoon en vars water, soos reënwater of gebottelde water, om die beste resultate te verkry. Soms word koei- of bokmelk gebruik om die chemiese proses aan te help, maar hoewel dit die seep wonderlike, strelende eienskappe gee, moet die metode liefsvol aan meer ervare seepmakers oorgelaat word.
- Organiese bestanddele - dit word by seep gevoeg vir tekstuur, kleur of geur. Voorbeelde hiervan is gedroogde speserye soos kaneel en naeltjies, laventelblommetjies, lemoenskil, blomblare, sade, koffie en selfs sjokolade.
- Vluchtige olies - suiwer olies wat uit plante onttrek word en in seep gebruik word vir ekstra geur en hul terapeutiese eienskappe.

Daar is verskillende soorte seep:

- Deursigtige seep - die seep is vinnig en maklik om te maak en ideaal vir beginners. Gekoopte seepkorrels word oor 'n lae hitte gesmelt, waarna vluchtige olie en organiese stowwe bygevoeg word en die mengsel in vorms gegiet word om hard te word. Die hele proses duur een tot twee uur.
- Roomseep - die seep is byna net so maklik om te maak en dit het wonderlike bevochtigende eienskappe. Verskillende soorte olies word oor 'n lae temperatuur verhit, waarna vluchtige olies bygevoeg word en die mengsel in vorms gegiet word. Sodra die mengsel afgekoel het, word dit in die yskas gesit om kliphard te word. Daarna is dit gereed om te gebruik.
- Koudeprosesseerde seep - (dit is die moeilikste en tydrowendste tegniek, maar beslis die moeite werd. Dit gee 'n heeltemal natuurlike produk met baie tekstuur, geur en kleur. Seepsoda word in water opgelos en die olies word oor 'n lae hitte verhit, waarna die seepsoda-oplossing (loog) by die olies geroer word totdat dit verdik (traseerstadium). Die mengsel word dun in 'n houer gegiet en moet 24 tot 48 uur staan om of te koel en te stol. Die seep kan nou uit die houer gehaal word, maar is eers na vier tot ses weke reg vir gebruik.

Bron: *dit idees*, April 2007